LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

22 Oktober 2017

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Ds Leopold van Huyssteen
TWINTIGSTE WEEK IN KONINKRYKSTYD
Fokusteks uit Leesrooster: Mat 22:15-22
RCL tekste: Ps 99; Eks 33:12-23
1 Tess 1:1-10
Deurkollekte: Hospitaalbearbeiding

BELOFTELAND: **GEEN KLASSE**

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

GEEN KLASSE VIR GR 1-6 A.G.V FEESMARK

Liesbet: Gr 7 in die "Gat:

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 082 706 8642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12

in Konsistorie @ 18h00

Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Leopold vir Boodskap

- Dankie Heer vir U genadereën!
  Ons bid voortdurend dat U wil sal geskied en vir die boere wat swaarkry.
- Kanker: Owen Wallis
- Donald van Rensburg in hospitaal
- Johan Nel in Spescare - sterk aan
- Sakkie de Jager in hospitaal

GEBEDSTEMA: OKT 2017

Week 22 Oktober – 28 Oktober:
Bid vir alle studente, veral vir die finale jaar studente.
Ps.113:3 – Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan, moet die Naam van die Here geprys word!

DOOP: Nicolas Momberg
OUERS: Michael & Karen
OUMA: Bella Swanepoel

FOKUSTEKS: Mat 22:15-22

Gee aan God wat hom toekom:

In Matteus 22:18-21 is Jesus in 'n twis-gesprek met die Fariseërs: "Julle skyn-heiliges", sê Jesus, "julle probeer My uit-vang! Wys vir My die Romeinse belasting-munt. " Hulle bring toe vir Hom die munt-stuk. "Wie se kop en titel is hierop afgedruk?", vra Hy vir hulle. Hulle antwoord: "Die keiser s'n." "Wel", sê Hy toe, "gee dan aan die keiser wat hom toekom." … Ons weet die antwoord gaan verder! "Gee dan aan die keiser wat hom toekom. Maar gee ook aan God alles wat Hóm toekom." Die keiser se deel is eintlik die maklike deel van die ant-woord. Maar wat is God se deel? Ons as Jesusvolgelinge dra daagliks die beeld van God, daarom moet ons alles vir God gee. Luciano Pavarotti se pa het hom bekendgestel aan sang. Hy het hom aangemoedig en gehelp om sy stem te ontwikkel. Later het Pavarotti by 'n onderwys-kollege gaan leer. By sy grade-plegtigheid het hy vir sy pa gevra: "Moet ek 'n sanger of 'n onderwyser word?" Sy pa het geantwoord: "Luciano, as jy op twee stoele probeer sit, sal jy tussendeur val. Kies in die lewe een stoel. Wat jy ookal kies, "commitment" bly die sleutel. As jy die Here kies is dit wat jy vir Hom gee 100%! Dit is wat dit beteken om aan God alles te gee wat Hom toekom! God verdien jou 100%, niks minder nie!

Bron: https://ngkwonder-boom.co.za/…/443-gee-aan-god-wat-hom-toekom

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3
@ Konsistorie of Raadsaal.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4
@ Konsistorie of Raadsaal.

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021 853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 082 552 2423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Ongelukkig geen tee/koffie by voorportaal a.g.v. FEESMARK

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 082 949 2045

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:
Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid.
Hou ons asb op hoogte. Skakel kerkkantoor @ 021 853 5991

BELOFTEROLLE: Ons wil jou graag uitnooi om Sondae agter in die kerk vir jou 'n belofterol te neem. Dit is gratis en deel van die Gebedsbediening.

Dit kan ook as gebede gebruik word.

Namens die Bestuur en inwoners van Huis Esperanza wil ons baie graag al die gemeentelede hartlik bedank vir hul bydraes, ondersteuning en hulp tydens Huis Esperanza se basaar van 30 September 2017. Sonder julle kan ons glad nie 'n basaar aanpak en dit suksesvol behartig nie.

Elkeen wat na die basaar gekom het asook gehelp het, het bygedra dat die geleentheid weereens 'n spesiale dag op ons kalender was.

Ons bly dankbaar.

MEV B V LOUW
Mev B V Louw
BESTUURDER

HUIS PAM BRINK/ESPERANZA
Versorgingsdiens vir Ouer Persone
Huis PAM Brink, Myburghstraat 16, STRAND 7140, Telefoon 021 8544579, Faks 021 8544770
Huis Esperanza, Donaldsonstraat 11, STRAND 7140, Telefoon 021 8547393, Faks 021 8548240
ONS VERSORG MET LIEFDE EN DEERNIS
E-pos: esperanza.admin@gmail.com
Gesertifiseerde Organisasie Sonder Winsoogmerk (Registrasie nr 011-891)

SKAAP OP DIE SPIT

ACVV Huis Jan Swart
hou fondsinsameling met
skaap op die spit
wegneemete op
Saterdag 4 November 2017
Ete gereed vir afhaal om 13:00
Die ete bestaan uit:
Skaap op die spit
Soetpatat
Ertjies/geelwortels
Baba-aartappels
Malvapoeding en vla ingesl.

Koste slegs R80-00!

Bestel vooraf by 021 854-3763
om teleurstelling te voorkom!

STOP SAYING YOU'RE A CHRISTIAN AND START BEING A CHRISTIAN

Jak 2: 1 & 14 & 17: (1) My broers, julle wat glo in ons Here Jesus Christus, die Here aan wie die heerlikheid behoort, moet mense nie volgens hulle uiterlike beoordeel nie. (14) Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? (17) So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood. (LEES ASB DIE HELE HOOFSTUK)

Lourensrivier Strand
FEESMARK

h/v Broadway, Da Gama & Jenningsstraat, Strand

21 OKTOBER - 4 NOVEMBER

Weeksdae: 09h00 tot 19h00
Saterdae: 09h00 tot 17h00

Heerlike Restaurant & Coffee Shop elke dag

Senior Burger dag: 30 Oktober

NAVRAE : 021 853 5991

TOEGANG GRATIS

Jy kan nou die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes gebruik.

Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store"
Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.

Vir meer inligting of navrae: Charlene @ 021 853 5991

zapper
pay with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

POTJIEKOS KOMPETISIE

Saterdag, 28 OKTOBER 2017

ACVV HUIS SOETERUS
OLIVIERSTRAAT 8, STRAND
TEL: 021 853 7423

Musiek deur:

DIE KAAPSE AFFODILLE

(DAMES BOERE ORKES) tussen 9h30 en 10h30

Spanne word uitgenooi om potte van hul keuse te kom maak. Die inhoud word geskenk vir verkope ten bate van ACVV Huis Soeterus (fondsinsamelingsprojek).

Borge van pryse, rys, en poedings word benodig. Indien u in die verband kan bydra, kontak asb ontvangs vir meer inligting.

Pryse vir: **BESTE POT, SPANGEES EN TEMA!!!!**

BOERESPORTS, STALLETJIES EN GROOT PRET

FONDSINSAMELINGS PROJEK TEN BATE VAN ACVV HUIS SOETETUS

002-960NPO

POTJIEKOS KOMPETISIE

28 OKTOBER 2017

KAATJIES NOU BESKIKBAAR!!

Koop/Bespreek asb u kaartjies vroegtydig by Ontvangs @ R50 elk.

Tel: 021 853 7423

POTTE WAT BESKIKBAAR SAL WEES:

- SKAAPPOT
- HOENDER
- GROENBONE
- SEEKOS
- WATERBLOMMETJIE
- WILDSPOT
- SKAAPKERRIE-AFVAL
- LAMSPOT
- HOENDER & ROOM